



# Die Tradisionele Boeremusiekklub

POSBUS 529  
LADANNA 0704  
28 JAN 1986

TEL (01521) 74724

OMSLANDRIEF NR. 7

GEAGTE LID,

## ONTHULLING VAN DIE GEDENKSTEEN VIR DIE LYDENBURG VASTRAPPERS

Dit is vir ons besonder aangenaam om u en u gesin na hierdie groot geleentheid uit te nooi.

PLEK : OP DIE HOEKE VAN VOORTREKKER- EN VILJOENSTRATE, LYDENBURG.  
(DIS OP DIESELFDE TERREIN WAAR DIE MUSEUM GELEE IS).

DATUM : D.V. SATERDAG 1 MAART 1986. TYD : 15h00 ( 3 NM )

### PROGRAM VIR DIE DAG

1. Seremoniemeester verwelkom almal by die GEDENKNAALD.
2. Ds Lourens Aucamp, ons voorsitter, open die verrigtinge met Skriflesing en Gesed.
3. ONTHULLING. Meneer Dirk Winterbach, die seun van Baba en Chris Winterbach, verrig hierdie huldebetuiging.
4. Voorsitter bring hulde aan hierdie gedenkwaardige orkes.
5. Die agbare burgemeester spreek die aanwesiges toe.
6. Die grafte van Baba en Chris Winterbach en Klaas Erasmus word in die plaaslike begraaftplaas besoek.
7. Almal vertrek na 'n saal waar 'n vingerete deur die agbare burgemeester aangebied sal word.

### ALGEMEEN:

1. 'n Boeremusiekprogram word aangebied. Musikante moet asb hulle instrumente saambring want ons bring hulde aan die Lydenburg Vastrappers!
2. Diegene wat die byeenkoms wil bywoon moet my ASSEBLIEF betyds verwittig sodat ek die Stadsraad kan laat weet hoeveel mense daar sal wees vir die ete. Ons wil graag vir julle almal sorg! Ek maak staat op julle stiptelike ondersteuning in hierdie verband! So play the game and not the concertina! Ons Boere kan mos 'n ding korrek en goed doen!
3. Lede wat in Lydenburg wil oornag moet asseblief vir hulle eie akkomodasie reël. Ek gee gerieflikheidsontalwe twee hotelle se foonnommers, naamlik Lydenburg Hotel: 2091, Morgans Hotel, 2165. Die Karavaanpark se nommer is 2914. Die kodenommer van Lydenburg is 01323.

baie groete en seënwense, sien julle daar! Dit gaan GROOT wees!

*A. Dinter*

SEKRETARIS: DIE TRADISIONELE BOERMUSIEKKLUB